Vraag 4: Taal in konteks

Gebruik die leesstuk: Haas red sy baas! om die vrae te beantwoord.

4.1 Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin.

Die bure het gereeld vir hom oorskiet slaai of koolblare gebring. (1)

4.2 Die **rangtelwoord** in die volgende sin is___ ? **Omkring** die regte antwoord.
Downy se sensitiewe neusie het eerste die rook en vlamme geruik.

a. sensitiewe
b. vlamme
c. eerste
d. geruik (1)

4.3 Geen 'n **antoniem** vir dankbare: _____ (1)

4.4 Gee 'n **sinoniem** vir gou: _____ (1)

4.5 Voltooi die tabel. (2)

Woord	**Meervoud**	**Verkleining**
haas	4.5.1	4.5.2

4.6 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Downy hardloop vinnig kamer toe. (Laas week)

_____ (1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Die joernalis skryf 'n berig oor Downy. (Môre)

_____ (1)

4.8 Vul in 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin.

_____ bure het opgehou om vir Downy te spot. (1)

4.9 Sê watter **tipe sin** die volgende sin is. Onderstreep die regte antwoord tussen hakies.

Is al die mense veilig? (vraagsin, stelsin, uitroepsin, bevelsin) (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

4.10 Sê watter tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is.
Gebruik die woorde in die blok om jou te help.

Persoonlike voornaamwoord,	Besitlike voornaamwoord,
Aanwysende voornaamwoord,	Onpersoonlike voornaamwoord

Downy het sy eienaar se lewe gered. _____ (1)

4.11 Skryf die volgende woord in **lettergrepe** en **sê of dit oop of geslote** is.

wollerige: _____ (1)

4.12 Gee die **intensiewe vorm** van **vinnig**: _____ (1)

4.13 Voltooi die **trappe van vergelyking** van: (1)

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
oulik		**oulikste**

4.14 **Onderstreep** die korrekte antwoord in hakies.
Die woord **bure** is 'n voorbeeld van 'n (versamelnaam / ontelbare naamwoord). (1)

Totaal vraag 4:15

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS